

## 28 April - GETROU

**Skrifgedeelte: Openbaring 2:8-11 (NAV)**

**Fokusgedeelte: Openbaring 2:10**

**M**oes jy al ly of selfs die dood in die oë staar ter wille van jou geloof? Waarskynlik nie. Miskien 'n bietjie spot, verbale aggressie, verstoot uit 'n bepaalde groep, diskriminasie verduur.

Ons almal ken egter die druk om soms so bietjie 'n laer profiel te handhaaf as Christen, wanneer ons teenkating kry oor ons Christelike waardes, Bybelse standpunte – die druk om selfs “ontrou” te raak!

Die gemeente in Smirna het die druk intens beleef – kwaadstokery, verdrukking en armoede deur die “sinagoge van die Satan” (dit was die Jode wat nie wou aanvaar dat die Christene nou God se volk is nie, en sodoende reg in die hande van Satan gespeel het).

Christus ken die Christene se verdrukking. Daarom moedig Hy ons aan: “Bly getrou tot die dood toe.” Moenie toegee aan die druk om Christus te verloën nie, moenie in roekelose geselskap maak asof Hy nie so belangrik vir jou is nie, moenie tot op dieselfde “wêreldse” vlak daal deur terug te skel en te beledig nie.

Bly getrou aan Hom ... al beteken dit dat jy regtig doodgemaak kan word! Hy belowe dat Hy vir jou die lewe as (oorwinnaars)kroon sal gee. Jy sal beslis nie deur die “tweede dood” (die ewige oordeel) getref word nie!

En Jesus kan dit beloop! Hy is immers “die Eerste en Laaste, wat dood was en weer lewend geword het” (vs 2:8b). Hy het die begin en einde van die geskiedenis in sy hande en Hy het ons bevry van die tweede dood.

Wat help dit in elk geval om jou eerste dood so bietjie uit te stel deur aan Hom ontrou te word en dan deur die tweede dood getref te word!

Dit mag dalk lyk asof jy, as getroue, niks besit nie, maar in werklikheid is jy skatryk. Jy besit die lewe!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Ds HC van Rooy (Randburg)*